

RESULTATE VIR DIE TYDPERK GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2014



PSG GROEP BEPERK

SOM-VAN-DIE-DELE-WAARDE van R118,49 per aandeel op 10 Oktober 2014

HERHALENDE WESENSVERDIENSTE styg met 30% tot 252,7 sent per aandeel

WESENSVERDIENSTE styg met 31% tot 312,9 sent per aandeel

TUSSENTYDSE DIVIDEND styg met 28% tot 55 sent per aandeel

OORSIG

PSG Groep Bpk ("PSG" of "groep") is 'n beleggingshouermaatskappy met onderliggende beleggings wat bedrywig is in industrieë soos finansiële dienste, bankwese, privaat ekwiteit, landbou en onderwys. PSG se markkapitalisasie (netto van tesourie-aandele) is ongeveer R20mjd, en sy grootste belegging is 'n belang van 28,3% in Capitec.

Al PSG se sleutelbeleggings het gedurende die oorsigtydperk van ses maande sterk presteer.

RESULTATE

Die twee sleutelmaatstawwe waaraan prestasie na PSG se oordeel gemeet moet word, is die *som-van-die-dele* ("SVDD")-waarde en *herhalende wesensverdiens*te per aandeel.

SVDD

Die berekening van die SVDD-waarde is eenvoudig en vereis beperkte subjektiwiteit, aangesien 81% van die waarde bereken word deur JSE-genoteerde aandeelpryse te gebruik, terwyl ander beleggings teen markverwante waardasies ingesluit word. Op 31 Augustus 2014 was die SVDD-waarde per PSG-aandeel R109,52 (28 Februarie 2014: R95,01). Op 10 Oktober 2014 was die SVDD-waarde R118,49 per aandeel.

Bate/Las	Feb 2012	Feb 2013	Feb 2014	Aug 2014	% van totaal
	Rm	Rm	Rm	Rm	
Capitec*	5 978	6 128	5 989	6 912	29%
PSG Konsult*	1 483	2 237	4 004	5 219	22%
Curro*	1 118	2 607	4 660	4 795	20%
Zeder*	1 067	1 412	1 698	2 435	10%
PSG Private Equity [†]	728	681	949	1 078	4%
Thembeke Capital [†]	570	899	1 243	1 415	6%
PSG Corporate (PSG Capital ingesluit) ^{††}	338	383	383	600	2%
Ander beleggings (kontant ingesluit) ^{††}	684	1 505	1 122	1 767	7%
Totale bates	11 966	15 852	20 048	24 221	100%
Ewigdurende voorkeurbefondsing*	(1 188)	(1 163)	(1 393)	(1 447)	
Ander skuld ^{††}	(463)	(845)	(615)	(624)	
Totale SVDD-waarde	10 315	13 844	18 040	22 150	
Aantal uitgereikte aandele (netto van tesourie-aandele) (m)	184,5	190,5	189,9	202,3	
SVDD-waarde per aandeel (rand)	55,92	72,67	95,01	109,52	
Netto batewaarde per aandeel (rand)	26,50	32,62	37,48	43,20	

* Genoteer op die JSE Bpk

[†] SVDD-waarde

^{††} Waardasie

HERHALENDE WESENSVERDIENSTE

	Jaar geëindig		Ses maande geëindig	
	Feb 2014	Aug 2013	Verandering	Aug 2014
	Rm	Rm		Rm
Capitec	571	275	21%	332
PSG Konsult	163	70	31%	92
Curro	21	8	88%	15
Zeder	125	38	79%	68
PSG Private Equity	51	26	(38%)	16
Thembeke Capital	23	8	100%	16
PSG Corporate (PSG Capital ingesluit)	7	2	(50%)	1
Ander	38	16	25%	20
Herhalende wesensverdiens te voor befondsing	999	443	26%	560
Befondsing	(181)	(87)	(2%)	(85)
Herhalende wesensverdiens te	818	356	33%	475
Eenmalige items	191	82	38%	113
Wesensverdiens te	1 009	438	34%	588
Nie-wesensitems	43	13	nvt	(13)
Toeskryfbare verdien ste	1 052	451	27%	575
Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (netto van tesourie-aandele) (m)	183,0	183,1		187,9
Verdiens te per aandeel (sent)				
- Herhalende wesens-	446,9	194,3	30%	252,7
- Wesens-	551,3	239,0	31%	312,9
- Toeskryfbare	574,9	246,2	24%	305,8
Dividend per aandeel (sent)	133,0	43,0	28%	55,0

Bedryfswins voor finansieringskoste en belasting het met 34% tot R1,2mjd gestyg, hoofsaaklik weens verbeterde prestasie van ons onderliggende beleggings en konsolidasie van sekere filiale vir die eerste keer.

VOORUITSIGTE

PSG is bevoorreg om 'n gehalte-bateportefeulje met beduidende beleggingsgeleenthede te hê wat in die toekoms bogemiddelde opbrengste behoort aan te hou lewer.

DIVIDEND

Gewone aandele

PSG se beleid is steeds om tot 100% van vrye kontantvloei as 'n gewone dividend te betaal, waarvan een derde as 'n tussentydse dividend betaalbaar is en die res as 'n finale dividend met jaareinde.

Die direkteure het besluit om 'n bruto tussentydse dividend van 55 sent (2013: 43 sent) vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2014 te verklaar.

Die maatskappy sal sekondêre belasting op maatskappye-krediete ten bedrae van 1 sent per gewone aandeel aanwend, met die gevolg dat die belabare tussentydse dividend per aandeel 54 sent per aandeel sal wees. Die dividendbedrag na aftrekking van Suid-Afrikaanse dividendbelasting van 15% gelyk aan 8,1 sent per aandeel, is dus 46,9 sent per aandeel vir aandeelhouders wat nie van dividendbelasting vrygestel is nie. Die aantal gewone uitgereikte aandele op die verklaringsdatum is 218 873 454, en die inkomstebelastingverwysingsnommer van die maatskappy is 9950080714. Die gewone dividend sal uit inkomstereserwes betaal word.

Die belangrike datums van hierdie dividenduitkering is die volgende:

Laaste dag vir verhandeling met dividend	Vrydag, 31 Oktober 2014
Verhandeling sonder dividend begin	Maandag, 3 November 2014
Rekorddatum	Vrydag, 7 November 2014
Betaaldatum	Maandag, 10 November 2014

Aandeelsertifikate mag nie tussen Maandag, 3 November 2014 en Vrydag, 7 November 2014, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

ONGEOUDITEERDE FINANSIËLE RESULTATE

Hierdie aankondiging bevat slegs 'n opsomming van die inligting van die volledige aankondiging wat op Maandag, 13 Oktober 2014 op SENS vrygestel is, en is die direkteure se verantwoordelikheid. Raadpleeg asseblief die volledige aankondiging vir addisionele inligting. Die volledige aankondiging is op PSG se webwerf beskikbaar by www.psggroup.co.za of kan gedurende kantoorure gratis aangevra en persoonlik verkry word by die maatskappy en sy borg se geregistreerde kantoor. Enige beleggingsbesluite moet gebaseer word op 'n oorweging van die inligting in die volledige aankondiging wat op SENS vrygestel is.

Namens die direkteure

Jannie Mouton
Voorsitter

Piet Mouton
Hoof Uitvoerende Beampste

Wynand Greeff
Finansiële Direkteur

Stellenbosch
13 Oktober 2014

PSG GROEP BEPERK: Registrasienuommer: 1970/008484/06 JSE-aandelekode: PSG ISIN-kode: ZAE000013017

DIREKTEURE: JF Mouton (Voorsitter), PE Burton[^], ZL Combi[^], J de V du Toit[^], MM du Toit[^], FJ Gouws[^], WL Greeff (FD)[^], JA Holtzhausen[^], MJ Jooste[^] (Sek: AB la Grange), JJ Mouton[^], PJ Mouton (HUB)[^], CA Otto[^], W Theron[^]

[^]Uitvoerende [^]Nie-uitvoerende [^]Onafhanklik nie-uitvoerende

GEREGISTREERDE KANTOOR: 1ste Verdiepung Ou Kollege, Kerkstraat 35, Stellenbosch, 7600; Posbus 7403, Stellenbosch, 7599

OORDRAGSEKRETARIS: Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001; Posbus 61051, Marshalltown, 2107

BORG: PSG Capital OUDITEUR: PricewaterhouseCoopers Geïnk.